

Die Satan gebind vir 1000 jaar (OP19)

Openbaring 20:1-3 (lees Op 20:1-10)

22 November 2020

Laasweek het ons stil gestaan by die Ruiter op die wit perd wat kom om te oordeel in Op 19:11-21. Daarmee het ons die einde van die sesde onderdeel van die boek Openbaring bereik. Kan ek ter wille van hersiening vinnig die 6 onderdele opsom:

- Onderdeel 1 = Sewe briewe (Op 1-3). Dit bevat bemoediging aan die sewe gemeentes dat die Seun van die Mens in hulle midde is en dit is Hy wat hulle beoordeel en aan hulle terugvoer gee. Aan die einde van elke brief word detail ingesluit oor wat hulle kan verwag: Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek...
- Onderdeel 2 = Sewe seëls (Op 4- 8:5). Die Lam beheer die wêreldgeskiedenis en Hy gee bemoediging aan Sy gelowiges wat in hierdie wêreld leef. Dit sluit af met 'n kort beskrywing van die einde: Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom.
- Onderdeel 3 = Sewe trompette (Op 8:2-Op 11). Waarskuwings-trompette word geblaas om die wêreld te waarsku oor die komende einde, wat dan as volg beskryf word: Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom.
- Onderdeel 4 = Sewe visioene (Op 12-14). Ons leer hier van die draak en die dier uit die see en die dier uit die aarde. Die einde word beskryf i.t.v. die graanoes en die driuwe-oes, waar die driuwe in die parskuip van God se toorn getrap word.
- Onderdeel 5 = Sewe bakke (Op 15-16). Hier leer ons dat die trompette vorder tot werklike oordeel van God oor die goddeloses. Die einde word weer beskryf as weerligstrale, dreunings, donderslae en 'n haelstorm. Maar die keer word die aardbewing beskryf as die grootste aardbewing ooit, en die haelstorm bevat haelstene van 50 kg swaar.
- Onderdeel 6 = Sedelose vrou (Op 17-19). Relatief baie ruimte word gewy aan die beskrywing van die einde: 4 vyande van God se val word beskryf – die sedelose vrou, die diere uit die see en die aarde, asook die mense wat hulle volg.

In elkeen van hierdie 6 onderdele het ons 'n beskrywing van die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms, en telkens eindig die onderdeel met 'n beskrywing van die finale oordeel. Verder word die beskrywing van die finale oordeel ook al meer gedetailleerd soos wat jy in die boek vorder.

Vandag kom ons by die sewende onderdeel van die boek. Dit word gedek in Op 20-22. Ek voorsien dat ons geruime tyd hierby gaan stilstaan. Aan die een kant bevat hierdie onderdeel 'n beskrywing van die millennium, oftewel die 1000-jarige vrederyk waarvoor daar uiteenlopende opinies bestaan, en aan die kant bevat dit 'n beskrywing van die nuwe hemel en aarde, asook die nuwe Jerusalem, wat die kulminering is van God se doel met alles!

Oorsig van Openbaring 20-22:

Kan ek eers 'n oorsig gee oor hierdie 3 hoofstukke:

- Op 20:1-3 – Satan word vir 1000 jaar gebind
- Op 20:4-6 – Martelare en mense wat nie die dier aanbid het nie, regeer as priesterkonings vir 1000 jaar saam met Christus
- Op 20:7-10 – Die Satan word vir 'n kort tydjie losgelaat, mar tog ook oorwin
- Op 20:11-15 – Die finale oordeel
- Op 21-22:5 – Die nuwe hemel en aarde, asook die nuwe Jerusalem

- Op 22:6-21 – Laaste waarskuwings en beloftes

Ons het dus weer 'n beskrywing van die finale oordeel. Na aanleiding van wat ons in die eerste 6 onderdele van die boek gesien het, sou mens verwag die beskrywing voor die finale oordeel (dus Op 20:1-10) beskryf dus weer die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms – maar ek aanvaar julle gaan my nie sommer net glo nie, ek sal dit moet bewys. Wat uitsonderlik is in hierdie 7de onderdeel, is dat dit na die finale oordeel-beskrywing voortgaan om die nuwe hemel en aarde en Jerusalem te beskryf, wat natuurlik gepas is, siende dat dit die resultaat van God se bedoeling van die begin af is, en daarom gepas om die boek, en die Bybel, mee af te sluit.

Drie millennium interpretasies

In Op 20:1-6 lees ons van die sogenaamde millennium. Die term “millennium” beteken letterlik 'n periode van 1000 jaar. Ons lees in vers 3 dat die duiwel vir 'n periode van 1000 jaar gebind is, en in verse 4-6 dat diegene wat nie die dier aanbid nie, saam met Christus gedurende hierdie 1000 jaar gaan heers as priesters en konings.

Daar is drie hoofstroom interpretasies oor hierdie periode van 1000 jaar, oftewel die millennium. En ongelukkig, het dit al dikwels aanleiding gegee tot bitter spanning tussen die ondersteuners van die verskillende interpretasies. Hierdie drie interpretasies is die volgende:

- **Premillennialisme:** Volgens hierdie siening geskied Jesus se wederkoms voor (oftewel pre) die millennium. Op sy heel eenvoudigste gesien, is die motivering vir hierdie interpretasie dat ons in Op 19:11-21 gelees het van Jesus se wederkoms as die Ruiter op die wit perd, en nou lees ons in Op 20 van die millennium – dus kom die millennium na Jesus se wederkoms. Hierdie interpretasie is huidiglik waarskynlik die mees algemene interpretasie, m.a.w. wat deur die meeste gelowiges ondersteun word, insluitende groot en bekende teoloë. Verder is dit ook so raaksien dat daar verskeie variasies is in die detail van premillennialisme. Om maar net twee te noem: dispensational premillennialisme teenoor die meer klassieke premillennialisme. Ek gaan nie op al die detail in nie.
- **Postmillennialisme:** Volgens hierdie siening sal Jesus se wederkoms eers na (oftewel post) die millennium plaasvind. Op sy eenvoudigste gesien, is die motivering vir hierdie interpretasie dat ons in Op 20:1-6 lees van die 1000 jaar, en die finale oordeel, wat tog saamval met Jesus se wederkoms, word eers later in Op 20:11-15 beskryf. Hierdie interpretasie was op 'n stadium redelik gewild, maar het nie vandag baie steun nie.
- **Amillennialisme:** Ongelukkig is die term “amillennialisme” ietwat verwarrend. Letterlik sou dit beteken “daar is nie 'n millennium nie”. Dit is natuurlik nie wat ondersteuners van hierdie interpretasie sê nie. Wat bedoel word, is dat hierdie 1000 jaar nie verwys na 'n letterlike 1000 jaar periode (soos wat deur die meeste premillennialiste geredeneer word nie), maar wel dat dit 'n simboliese beskrywing is van die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, en by implikasie dat ons tans in hierdie millennium lewe. Ek glo teen hierdie tyd is dit vir julle duidelik dat ek hierdie interpretasie ondersteun – maar ek aanvaar ook dat julle van my gaan verwag om dit te verdedig.

Natuurlik gaan ek nie die ander interpretasies in detail kan bespreek nie – daar is baie oor geskryf. As jy belang stel, kan ek jou na 'n paar boeke en kommentare verwys wat die amillennialistiese siening beredeneer. Ek kan jou ook verwys na 'n boek wat geskryf is deur Sam Storms, wat aanvanklik 'n dispensational premillennialis was, en later oortuig geword het van amillennialisme.

Die Satan word vir 1000 jaar gebind (Op 20:1-3)

Kom ons begin om te kyk na die detail van Op 20:1-3.

Vers 1 begin met die woordjie “Toe” (NAV) of “En” (OAV). Ons het al verskeie kere die opmerking gemaak dat die gebruik van hierdie woord dikwels nie beteken dat die inhoud van die gebeure wat hierna volg, chronologies volg op dit wat dit vooraf gegaan het nie. Dit kan bloot die volgorde aandui waarin Johannes die visioene gesien het. Dit is hoe Amillennialiste dit hier verstaan. Daarteenoor redeneer premillennialiste dit dui chronologie van die inhoud van die visioene aan.

Johannes sien ‘n engel uit die hemel kom met ‘n sleutel en ‘n ketting. Met die ketting word die Satan gebind, daarna word hy in die onderaardse diepte gegooi, wat dan met die sleutel gesluit en verseël word. Die binding duur vir ‘n periode van 1000 jaar, waarna die Satan vir ‘n kort rukkie losgelaat word. Die doel met die binding is sodat die Satan nie meer die nasies kan verlei nie.

Kyk na die beskrywing van die Satan in vers 2: die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is. Dit is presies dieselfde beskrywing wat in Op 12:9 van die Satan gegee is. Onthou nou wat in Op 12 gebeur het: Die vrou, d.i. die kerk, het ‘n kind, d.i. Jesus, in die wêreld gebring. Toe Hy weggeruk is na die hemel toe, was daar ‘n stryd met Satan, met die gevolg dat hy uit die hemel op die aarde gegooi is. Volgens Op 12:13-14 het die Satan toe die vrou vervolg, maar die vrou is beskerm deurdat sy op arendsvlerke na die woestyn gevlug het, waar sy versorg is, en dus beskerm is teen die Satan se vervolging. Die Satan is dus ingeperk – nie net is hy uit die hemel gegooi nie, boonop word die vrou beskerm teen sy vervolging. In Op 20:1-3 lees ons nou ook dat die Satan ingeperk is – hy is met ‘n ketting gebind en in die onderaardse diepte gegooi.

Die onderaardse diepte is nie soseer ‘n geografiese plek nie, dit is eerder die geestelike dimensie waarin die bese geeste opereer. Dit is soortgelyk aan die hemel – wat ook nie ‘n geografiese plek is nie, maar dit is in die geestelike dimensie die plek waar God woon. Kom ons kyk nou na die sleutel van die onderaardse diepte waarmee die Satan hier opgesluit word. Kyk na die volgende gedeeltes:

- Op 9:1 ev: Hier lees ons dat met die blaas van die vyfde trompet, die ster uit die hemel met die sleutel die onderaardse diepte oopsluit. Die gevolg is dat daar rook en sprinkane uit die onderaardse diepte gekom het, wat uitsluitlik die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie, pynig. As dit waar is dat die binding van die Satan in Op 20 plaasvind tydens Jesus se eerste koms, dan moet dit beteken dat gedurende die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms, die onderaardse diepte oopgesluit kan word indien die hemel, die Lam, dit sou wil. En dit blyk hier dat Hy van tyd tot tyd wil, met die doel om die ongelowiges te pynig.
- Op 1:18: Hier lees ons dat die Seun van die Mens het die sleutels van die dood en die doderyk.
- Op 3:7-8: Hier lees ons Jesus het die sleutel van Dawid – en daarmee kan Hy oop- en toesluit.
- In Mat 4:1-11 lees ons van Jesus wat die versoekings van die duiwel weerstaan – dus die duiwel is beperk in terme van wat hy kan doen. Ons lees ook dikwels tydens Jesus se openbare optrede dat Hy duiwels uitdryf – dus Jesus besluit wanneer iemand bevry moet word van ‘n duiwel, nie die duiwel nie. Hy het beperkte mag.
- Mat 12:29: Die konteks hier is dat Jesus beskuldig is dat Hy duiwels sou uitdryf met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels. Jesus sê egter dit maak nie sin nie, want dan is die koninkryk van die duiwel verdeeld. En dan sê Hy in vers 28-29 dat die feit dat Hy duiwels uitdryf, bevestig dat die koninkryk by hulle gekom het, en Hy kan dit doen want Hy is die Een wat die sterk man bind sodat sy huis beroof kan word. Die sterk man is natuurlik die duiwel, en Jesus is die Een wat die sterk man bind, sodat duiwels uitgedryf kan word. Let op, dit is juis met Jesus se eerste koms dat die duiwel/sterk man gebind word.
- Luk 10:17-20: Die 72 wat Jesus uitgestuur het, rapporteer baie opgewonde dat selfs die duiwels hulle aan hulle onderwerp as hulle Jesus se Naam hoor. Jesus verduidelik vir hulle dat dit gebeur

omdat die Satan soos 'n bliksemstraal uit die hemel geval het – maar dit is presies waarvan Op 12 ook gepraat het, en dit gebeur juis met Jesus se eerste koms. Van nou af het die duivel ingeperkte mag.

- Kol 2:15: Met Sy kruisiging het Jesus die bese magte ontwapen en as gevangenes in Sy triomftog meegevoer, oftewel het Hy hulle gebind en toegesluit – soos Op 20 dit beskryf.
- Heb 2:14 beskryf dat Jesus tydens Sy eerste koms die een wat mag het oor die dood, dit is die duivel, kom vernietig het.

Kom ons probeer verstaan: Die Satan is 'n gevalle engel. Na sy val, het hy 'n beduidende invloed op die skepping en die geskiedenis. Hy het destyds selfs toegang gehad tot die paradys. Hy verlei Adam en Eva – die ganse mensdom wat op daardie stadium bestaan het. Hierdie invloed strek al hoe verder – soveel so dat God op 'n stadium die sondvloed stuur, want die ganse wêreld loop agter die Satan aan. Die Satan het selfs toegang tot die hemel, waar hy God uitdaag, en God se getroue kinders gaan aankla. Sy invloed onder die uitverkore volk is sodanig dat God hulle op die ou end in ballingskap moet stuur. Boonop realiseer daar in die Ou Testament baie min van God se belofte aan Abraham dat in hom al die volke van die aarde geseën sal wees. Hier en daar is daar enkelinge wat deel van God se volk word.

Dan kom Jesus. Aan die begin van Sy openbare optrede, wys Hy direk dat Hy meer gesagvol is as die duivel – alhoewel Hy volwaardig mens is, swig Hy nie voor die duivel se versoekings nie, anders as Adam en die ander mense voor Hom. Hy demonstreer verder dat Hy gesag het oor die duivel deurdat Hy diiwels uit mense dryf wanneer Hy wil – en Hy verduidelik dit is omdat Hy die Een is wat die duivel bind. Hy stuur die 72 uit, hulle kom opgewonde terug, want hulle kan selfs diiwels uitdryf. Jesus sê vir hulle dit is moontlik want Hy is die Een wat die Satan soos 'n bliksemstraal uit die hemel laat val. Dit is aan die kruis, dat Hy bese magte, insluitende hulle aanvoerder die duivel, ontwapen. Dit is dan dat Hy die duivel as 'n gevangene meevoer in Sy triomftog. Hy stuur 'n engel met 'n sleutel en 'n ketting. Dit is Sy sleutel – die sleutel wat Hy verwerf het tydens Sy kruisiging toe Hy die duivel en die dood oorwin het. Dit is die sleutel van die dood en die doderyk. Hy gee die sleutel aan die engel met Sy triomftog – dit is met Sy eerste koms. Die engel bind die Satan, en sluit hom in die onderaardse diepte toe – vir 'n periode van 1000 jaar. Nou is die duivel ingeperk.

Met Jesus se triomftog, Sy hemelvaart, gee Hy die opdrag aan Sy dissipels: Gaan maak dissipels van al die nasies, stamme, tale en volke. Hulle gaan. Die evangelie word uitgedra: eers Jerusalem, dan Judea, Samaria, Klein Asië, Europa, ja tot aan die uithoeke van die wêreld – selfs Suid Afrika. Die duivel is gebind. Anders as in die Ou Testament, groei die kerk. Verder stuur Jesus ook die Heilige Gees om nuwe harte te werk. Die duivel is ingeperk. As die Heilige Gees in 'n hart werk, is die gevolg dat die persoon wil doen wat God wil, en die duivel is magteloos. Hy is gebind. Ja, hy kan strome water agter die vrou aanspoeg, soos Op 12 dit beskryf. Maar die aarde beskerm die vrou en sluk die strome water in – die duivel is gebind.

Betekén dit dat die duivel effektief van die toneel verdwyn het? Nee. Hy is in daardie bese geestelike dimensie van die onderaardse diepte. En, wanneer Jesus wil, sluit Hy die onderaardse diepte oop in hierdie periode tot met Sy tweede koms. Dan borrel die rook en die sprinkane uit – en hulle pynig die ongelowiges. Onthou hoe Op 9 dit beskryf: Hulle (die sprinkane) is aangesê...., hulle is toegelaat.... Jesus, die een met die sleutels, besluit wat die Satan mag doen, aan wie hy dit mag doen, wanneer hy dit mag doen. Die Satan is gebind. Ja, hy is woedend en sou graag die gelowiges wou verslind – maar hy kan nie. Hy is gebind. Wanneer hy toegelaat word, kan hy hoogstens die instrument wees waardeur Jesus toetse in die lewens van die gelowiges aanlê – maar selfs dan is die uitslag dat hulle al verder groei na onberispelikeid. Die Satan is gebind.

Op 19 sê die duiwel se binding het tot gevolg dat hy nie die nasies kan verlei nie. Dink aan die gebeure destyds by die toring van Babel. Daar het hy die nasies bymekaar gebring om in opstand te kom teen God. Maar nou is hy gebind. Hy kan dit nie meer doen nie – in elk geval nie vir die periode van 1000 jaar nie. Dit is eers aan die einde van die 1000 jaar wat hy vir 'n kort rukkie losgelaat gaan word – en dan is dit presies wat hy gaan doen. Dan gaan hy die nasies bymekaar bring – by Armageddon. Maar selfs dan, sal hy vir 'n oomblik dink hy gaan oorwin – net om uit te vind hy was die instrument waardeur God hulle bymekaar bring sodat Jesus hulle kan oordeel.

Sien jy? Soos wat die geval was met die eerste ses onderdele van die boek Openbaring, begin die sewende onderdeel weereens tydens die eerste koms van Jesus, en beskryf die periode tot met Sy tweede koms.

Toepassing

Ons word dikwels mismoedig, omdat dit vir ons lyk of die wêreld al hoe verder agteruitgaan. Maar as jy begin krap, is daar tog bemoedigende statistiek wat onderstreep dat die duiwel werklik beperk is in sy effek. Ek het onlangs die volgende 2019 statistiek bymekaar gemaak:

- Die Christendom groei teen 1,27% per jaar (totaal 2,5 biljoen), wat vinniger is as die tempo waarteen die wêreldbevolking groei, naamlik teen 1,20% per jaar (totaal 7,7 biljoen)
- Evangelicals is een van die Christelike groepe wat die vinnigste groei (2,19% per jaar).
- Daar was in 2019 minder ateïste in die wêreld (138 miljoen) as in 1970 (165 miljoen)
- Christendom groeitempo's:
 - Europa – 0,04%
 - Noord Amerika – 0,56%
 - Latyns Amerika – 1,18%
 - Asië – 1,89%
 - Afrika – 2,89%
- In 1900 was 54,3% van die wêreldbevolking nie ge-evangeliseer nie. Teen 2019 het dit afgeneem na 28,4%, maar dit beteken steeds dat 2,2 biljoen mense nog nie die evangelie gehoor het nie.

Ja, ek weet die kwaliteit van die statistiek is sekerlik iets wat bevestigteken kan word. Maar, as jy dit nie wil glo nie, vergelyk dan die grootte van God se koninkryk op Pinksterdag met vandag. Vergelyk ook die stadige groei gedurende die 4000 jaar van Adam en Eva af tot by Pinkster, met die groei oor die laaste 2000 jaar sedert Pinkster – en sien dan raak die duiwel is gebind.